
# VRIENDE VAN GIDEONS

Nuusbrief | Herfs 2026



"Hierdie evangelie is die **krag** van God tot verlossing vir elkeen wat glo"

**Romeine 1:16 AFR83**

***VRIENDE VAN GIDEONS***
**NUUSBRIEF**
**HERFS 2026**

**REDAKTEUR**
Johanett Theunissen

**ONTWERK & UITLEG**
Micheline Hayden

**NATIONALE DIENSSENTRUM**
Die Gideons Internasionaal in Suid-Afrika

**KONTAK**
Posbus 35689,
Menlo Park, 0102
Tel: (012) 460 7241/2
Faks: (086) 630 8149
Epos: friends@gideonssa.org

**BANKBESONDERHEDE**
Eerste Nasionale Bank,
Pretoria
Takkode: 25 14 45 (EFT)
Tjekrekening:
510 608 41497

facebook.com/GideonsinternationalSouthAfrica

The Gideons Intl in SA

The Gideons International in South Africa

@thegideonsinternationalins4130

Die Gideons Internasionaal
IN SUID AFRIKA
DIE EVANGELIE IS ONS MISSIE

# ARTIKELS

**6** Van winkeldief tot volgeling van Jesus
Alec Steward

**8** Waarom die evangelie ons missie is

**12** Alle eer aan ons wonderlike Hemelse Vader
Joppie Botha

**14** Gedra deur Gebed
Diederik Esterhuizen

**18** Antwoord op Gebed
Johan van Niekerk (Jnr)

**20** Van gevangene tot Predikant
Pastor John Krainer

**24** 23 Lande waarvoor ons Bid

**Uitnodiging**

Indien jy ´n nuwe Vriend is wat graag ´n finansiële bydra wil maak, kontak ons gerus deur middel van e-pos **friends@gideonssa.org** of besoek ons webtuiste **www.gideons.co.za** of skakel ons op **012 460 7241.**

# WELKOM

*welkom*

## Welkom by die Herfsuitgawe van die *Vriende van Gideons*-nuusbrief

**"Hierdie evangelie is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo …"**
(Romeine 1:16 AFR83).

Die evangelie is ons missie – dit is ons nuwe slagspreuk. Lees op bladsy 8 meer oor die betekenis van hierdie woorde. In hierdie uitgawe deel ons ook getuienisse van die

In hierdie uitgawe deel ons getuienisse van God se beskerming, genesing en reddende krag. Nie net van Suid-Afrika nie, maar van reg oor die wêreld.

Ons eer die Here dat Die Gideons in 200 lande welkom is, en ons bid vir die 23 lande waar daar nog nie oop deure is nie (sien bladsy 24). Ons dalk ook die Here vir *Vriende van Gideons*, soos jy, wat saam met ons bid hiervoor. Indien jy dit nog nie gedoen het nie, laai gerus die Daaglikse Gebedskalender aflaai op die tuisblad van ons webtuiste, www.gideons.co.za om saam te bid.

**Seëngroete tot volgende keer,**
**Die redaksiespan.**

VRIENDE VAN **GIDEONS**

# Vinnige feite oor
# *VRIENDE VAN* ***GIDEONS***

***Wie is die Vriende van Gideons?***
Mans en vroue wat die bediening en hulle aktiwiteite ondersteun en kies om nie lede te word nie of nie kwalifiseer nie.

***Hoeveel Vriende is daar?***
Vanaf 1 Maart 2025 is daar meer as **10 400** *Vriende van Gideons.*


***Watter aktiwiteite raak Vriende betrokke by?***

- Gebed;
- Finansiële bydraes om Testamente aan te koop;
- Individuele plasing van Testamente.

***Hoe word jy 'n Vriend?***
Gaan na ons webwerf www.gideons.co.za en klik op ***RAAK BETROKKE*** en dan ***WORD 'N VRIEND.***

***Kan besighede of kerke ook Vriende word?***
Ja. Gaan na ons webwerf **www.gideons.co.za** en klik op **RAAK BETROKKE** en dan op **NEEM 'N SKOOL AAN.**





# VAN **WINKELDIEF** TOT **VOLGELING** VAN **JESUS**

**Alec Stewart** - Suidkustak

In April 2025 het ek 'n skool in Port Shepstone besoek om 'n Bybelplasing te reël – 'n versoek wat die skool vir etlike jare geweier het. Terwyl ek met die ontvangsdame gepraat het, het ek 'n man met 'n motorfietshelm en leerbaadjie opgemerk. Nadat die skoolhoof tot 'n plasingdatum ingestem het, het ek na my motor teruggekeer, waar die motorfietsryer, Colin, my nader geroep het.

Colin het vertel dat hy twintig jaar tevore in Durban gearresteer is omdat hy 'n bottel wyn gesteel het weens 'n drankprobleem. Terwyl hy in die polisieselle aangehou is, het die Stasiebevelvoerder vir hom 'n Gideons Nuwe Testament gegee en gesê: **"Jy gaan dit meer nodig hê as ek."**

'n Tien jaar lange stryd van Bybellees en gebed het gevolg, gekenmerk deur siklusse van mislukking en hernude pogings. Deur die genade van God het Colin uiteindelik oorwinning oor sy verslawing behaal. Hy is nou al tien jaar volkome nugter.

Vandag dien hy by die Port Shepstone Baptistekerk en verdien sy brood deur pakkies vir 'n plaaslike apteek af te lewer. Colin het getuig dat die Gideonsbybel wat die Stasiebevelvoerder aan hom gegee het, uiteindelik sy lewe verander het.




# WAAROM DIE EVANGELIE ONS MISSIE IS

Wanneer die meeste mense aan Die Gideons Internasionaal dink, is hotelbybels gewoonlik die eerste ding wat by hulle opkom. Bybelverspreiding is egter slegs een van die drie maniere waarop ons lede help om hul roeping uit te leef om ander vir die Here Jesus Christus te wen.

Ons doel is om Gideons en hul vroue toe te rus om die Goeie Nuus te deel deur:

1. **Mekaar te versterk,**
2. **Die evangelieboodskap te versprei, en**
3. **Om God se Woord te deel.**

Hotelkamers is moontlik die bekendste plek waar 'n Gideonsbybel gevind kan word, maar ons uitreikwerk strek veel verder as daardie mure. Lede plaas en versprei Bybels by skole, hospitale, feeste en ander openbare geleenthede in byna 200 lande en gebiede wêreldwyd. As gevolg hiervan word tientalle miljoene lewens jaarliks deur God se Woord aangeraak.

Waarom wy 'n organisasie van meer as 240 000 Christelike sake- en professionele mans, saam met hul vroue, soveel tyd en energie aan die verspreiding van God se Woord? Die antwoord is eenvoudig: Die evangelie is ons missie.

Die woord evangelie beteken "Goeie Nuus". En die Goeie Nuus is dit:

**"So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê" (Johannes 3:16 AFR83).**

Die Bybel sê ook vir ons:

**"Hierdie evangelie is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo" (Romeine 1:16 AFR83).**

Dit is van kardinale belang, want almal het gesondig (Romeine 3:23), en die loon wat die sonde gee, is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here (Romeine 6:23). Hoe word ons dan gered?

**"Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Romeine 10:13 AFR83).**

## NIKS ANDERS VERANDER LEWENS SOOS DIE EVANGELIE NIE

Die evangelie is belangrik omdat dit alles verander – dit bring hoop en verander lewens. In ’n wêreld vol angs, gebrokenheid en onsekerheid bied die evangelie ’n anker te midde van die storms van die lewe. Die evangelie soos dit in die Bybel gevind word, is die enigste boodskap wat die hele mensdom wys op verlossing van sonde en ewige skeiding van God.

Vir meer as ’n eeu deel mense met ons hul werklike lewensverhale van bevryding van sonde en blywende vrede deur die krag van die evangelie. Baie van hierdie lewensveranderende oomblikke het begin toe hulle ’n eksemplaar van God se Woord teëgekom het wat deur ’n Gideon of ’n Gideonsvrou geplaas of versprei is.

## VANAF VANDAG KAN JY EWIGE HOOP HÊ

**“Nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding” (2 Korintiërs 6:2b AFR83).**

Wat ook al jou stryd is, die evangelie is die antwoord.
As jy ’n persoonlike eksemplaar van God se Woord wil hê, nooi ons jou uit om Die Gideons Bybel App af te laai, deur die QR-kode hier onder te skandeer. Dit bevat klankopsies vir meer as 2 200 taalvertalings, Bybelvershulpmiddels, notas en nog baie meer.

**God het jou lief. En so ook die 240 000 lede van Die Gideons Internasionaal.**



# GIDEON BIBLE APP

# ALLE EER AAN ONS WONDERLIKE HEMELSE VADER

Ek wil graag met julle deel hoe wonderlik God is en wat Hy vir my gedoen het – beide hierdie jaar in Mei en ook drie jaar gelede.

In 2022 het ek aan ’n ernstige maagkwaal gely en het in net twee weke 10 kg verloor. Ek het die verkeerde antibiotika gekry wat my net sieker gemaak het. Ná ’n kolonoskopie is ek met kanker gediagnoseer. Dr. Brink wou dadelik opereer, maar ek het gevra om na Bloemfontein oorgeplaas te word. Dit was op ’n Donderdag. Dr. Sonja het my toe laat weet dat daar geen beddens beskikbaar was in Rosepark Hospitaal nie.

Teen Vrydag het ek al hoe swakker geword, en om 14:00 het Hester dr. Fichardt se spreekkamers gebel, waar hulle belowe het om ons onmiddellik te laat weet sodra ’n bed beskikbaar is.

Gerhard Kleynhans het my kort daarna gebel. Hy het gesê hy het gehoor ek is baie siek en dat hy vir my gebid het – spesifiek gevra dat God ’n hospitaalbed vir my sal oopmaak.

Tien minute later bel dieselfde dame terug om te sê dat ’n bed pas beskikbaar geraak het. Vrydag, laatmiddag is ek toe in Rosepark Hospitaal opgeneem. Daar is ek gediagnoseer met ulseratiewe kolitis – nie kanker nie. Twintig dae later is ek uit die hospitaal ontslaan, 16 kg ligter maar diep dankbaar om nog te lewe.

Op 6 Mei 2025 was ek besig om beeste op die Welkom-pad te laai. Ek het bo-op die trok se bak geklim om die beeste reg te posisioneer, maar skielik het ek tussen die beeste geval en op pad af ’n harde hou teen die kop gekry.

Ek het wakker geword waar ek tussen die beeste lê, nie kan asemhaal nie, en my kop het vorentoe gehang. Toe ek my kop oplig, kon ek weer asemhaal. Die drywer en van die werkers het my regop getel en gesê hulle sal my uit die bak tel. Ek weet nie hoe hulle dit reggekry het nie, maar die volgende wat ek onthou, is dat ek op die grond was. Weereens moes ek my kop oplig net om asem te kan kry.

Met ’n trui om my nek gedraai, is ek 50 km, in my bakkie, hospitaal toe geneem. Ek weet ek moes vir ’n ambulans gewag het, maar op daardie oomblik kon ek eenvoudig nie reguit dink nie.

Toe ek in Kroonstad aankom, het X-strale bevestig dat my C2-werwel gebreek en verskuif het. Ek is toe per helikopter na die Zuid-Afrikaans Hospitaal in Pretoria gevlieg. Ná die operasie het die neurochirurg, Dr. Nel, vir my gesê dat dit was niks minder nie as ’n wonderwerk was dat ek nie dood of verlam is nie.

Ten spyte van alles wat ek verkeerd gedoen het met my nek, weet ek dat die beskermende hand van God die hele tyd oor my was. Daardie wete het my positief gehou deur die hele genesingsproses – die besef dat ek verlam moes gewees het, maar gespaar is.

Alle eer aan God, my hemelse Vader.

**Joppie Botha | Kroonstadtak**



# gedra DEUR GEBED

Ek wil graag iets deel uit my persoonlike ervaring tydens die Covid-pandemie in die winter van 2020/21, spesifiek oor gebed en hoe dit ons dra in moeilike tye.

Ek het siek geword en was positief vir Covid getoets. Toe my suurstofvlakke begin daal het, is ek hospitaal toe. Ná ‘n week in die Medi-Clinic in Thabazimbi waar my longe al hoe swakker begin funksioneer het, is ek met ‘n helikopter na Welkom gevlieg, die enigste plek met ‘n beskikbare ICU-bed en ventilator.

Ek is gesedeer voor die vlug en kon niks daarvan onthou nie. Vir ‘n volle week is ek aan ‘n ventilator gehou. Die dokter het vir my vrou, Ané, gesê my kans om te oorleef was een uit drie. Die statistieke daardie tyd in die ICU was baie sleg.

Mense het begin bid, vir my en my gesin, ons het dit gevoel. Ek het nooit paniek of benoudheid ervaar nie, en Ané en die kinders het ook vrede beleef ondanks hulle eie uitdagings. Ons het regtig gevoel dat God ons dra en dat gelowiges ons ernstig opdra in gebed aan die Here.

Terwyl ek onder sedasie was, het ek ‘n droom gehad: Ek en Ané het in Thabazimbi se winkelsentrum geloop. Ek het ‘n suurstofmasker gedra, en toe sy vinnig in ‘n ander winkel ingaan, het my suurstof opgeraak. Ek het op die grond neergeval en geweet: dis my einde. Ek het probeer roep, maar sy kon my nie hoor nie want ek was bewusteloos. Toe eindig die droom.

Nadat ek uit die hospitaal ontslaan is en begin herstel het, het Ané my vertel dat sy een aand ‘n dringende gevoel gehad het om vir my te bid – spesifiek om haar hande in die gees op my bors te lê. Dit was vir haar vreemd want ons is NG lidmate, maar sy het gehoorsaam gebid.

Later hoor ons van ‘n vriend in Harrismith wat dieselfde beleef het: ‘n aand se dringendheid om vir my te bid en in die gees hande op my te lê. Hy het selfs gevoel hoe sy hande warm geword het. En nóg later hoor ons van ‘n familielid in die Kaap wat op dieselfde tyd dieselfde ervaring gehad het.

Ek glo dit was die oomblik in my droom toe ek in die gees uitgeroep het en die Here het mense gelei om vir my te bid.

Gebed maak ‘n verskil. Wanneer die Gees jou lei om te bid, luister. Moenie uitstel of twyfel nie. Bid sonder ophou.

**Diederik Esterhuizen | Thabazimbitak**


VOLG ONS OP
sosiale media
& deel die goeie nuus!
KLIK HIER




# Antwoord op **Gebed**

**Drakensberg-Suid blitz: 11-14 Maart 2012**

Drie-en-dertig Gideons het Sondagmiddag om 17:00 by die Kings Grant Country Retreat bymekaargekom. Reëlings is getref, en die twee Johan van Niekerks, van die Springstak, het hulle kaarte bestudeer en verskeie skole op die GPS gelaai. Die program was vol en die opgewondenheid groot.

Ons het Maandagoggend vroeg in die pad gespring en ons eerste skool betyds vir die opening bereik. Die Bybels is met beleefdheid en groot dankbaarheid ontvang. Die tweede skool op ons lys was Nottingham Road College. Die hoof het ingestem om die leerders gou bymekaar te bring vir die plasing voordat hulle moes eksamen skryf. Ek was nog besig om die voorraad Bybels gereed te kry voordat ek die leerders moes toespreek, toe een van die onderwyseresse op my afstorm en in verwondering vra: “Why are you here?”

Ek het vir haar verduidelik dat ons sakemanne is met ’n liefde om God se Woord te versprei.

Sy het my egter in die rede geval en weer dringend gevra: “Why are you here, Sir?” Ek het nie verstaan nie en wou weet waarom sy dit aanhou vra.

Sy het verduidelik dat sy pas die vorige Woensdag met ’n Bybelstudiegroep by die skool begin het – sy was die enigste persoon met ’n Bybel. Die kinders wou baie graag hul eie Bybels besit. Die groepie het afgesluit met ernstige gebed dat die Here asseblief Bybels moes voorsien. Toe sy ons so kort daarna met die bokse Bybels sien, kon sy dit skaars glo.

Verbasing het by ons albei in dankbaarheid oorgegaan, en ek het weer besef: ONS DIEN ’N GROOT GOD. ALLE EER AAN HOM WAT IN BEHEER VAN ALLES IS!

Die finale getal Bybels wat deur die 33 Gideons geplaas is, was 86 650. Mag God daardie oorvloedige saad laat groei.

**Johan van Niekerk (Jnr)**
Springstak

INTERNASIONALE NUUS

# VAN GEVANGENE **TOT PREDIKANT**

Ek is in Baltimore, Maryland, gebore. Albei my ouers was diep vasgevang in dwelm- en alkoholmisbruik. Toe ek jonger was, het my ma ons kerk toe geneem, maar dit het gou tot 'n einde gekom, net soos my ouers se huwelik.

Nadat hulle geskei is, het ek by my ma gebly. Sy het gedurig van werk en mansvriende verander en ons het van die een huis na die volgende getrek. Ek het nooit tuis of veilig gevoel nie. Ek onthou hoe ek mishandel en gereeld as waardeloos uitgeskel is.

Op 11-jarige ouderdom het ek begin rook en drink, en deur my skooljare het ek aanhou dwelms misbruik. Ek is gedurende Graad 10 uit die hoërskool geskors en het op 16-jarige ouderdom die huis verlaat. Ek het snags orals geslaap behalwe by my ma se huis. Uiteindelik het ek in baie donker plekke beland, tussen mense wat my verder afgetrek het.

Teen my 21ste verjaardag het ek in Denver, Colorado, gewoon, en my lewe het 'n hoogtepunt van verslawing, depressie en geweld bereik.

Ek het myself gehaat en almal verpes wat gelyk het of hulle 'n beter lewe as ek het. Verteer deur haat en selfveragting, het ek dikwels baklei net om iets anders te voel as die pyn van my eie bestaan. Ek het verskeie kere probeer selfmoord pleeg, maar elke poging het misluk. Ek was totaal buite beheer.

Een aand by 'n partytjie het ek 'n hele magasyn ammunisie op 'n motor leeggeskiet van iemand wat ek gedink het my besteel het. Ek is daarna gearresteer en aangekla op twee aanklagte van poging tot moord.

Daar was ek, 21 jaar oud en met tot 72 jaar tronkstraf wat my in die gesig staar. Ek het geen hoop, geen vriende en geen familie gehad nie. Tog het ek in my tronksel 'n Bybel raakgesien wat deur Die Gideons Internasionaal daar geplaas is. Ek het nog nooit tevore 'n Bybel gelees nie. Toe ek dit oopmaak by die boek Mattheus, het ek begin leer van Jesus en Sy liefde.

**Mattheus 5:4 (AFR83) verklaar:**
**"Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word."**

Ek het nog nooit in my lewe vertroosting, vrede of ware liefde ervaar nie. Daarom het ek vir die eerste keer gebid en God gevra om my hierdie dinge eenmaal te laat beleef voordat my lewe tot 'n einde kom.

In daardie oomblik het ek gevoel hoe die Vader se arms my omvou, en Sy liefde het so intens deur my gebrand dat ek uit die diepte van my siel begin huil het. In 'n oogwink is ek vir altyd verander. Ek het belowe om God en Sy liefde te volg en my lewe aan Hom te gee, maak nie saak wat die res van my lewe sou bring nie.


Ek was nege maande lank in aanhouding. Gedurende dié tyd het ek verslawingsrehabilitasie-klasse bygewoon, my studies voortgesit en my hoërskool-ekwivalent (GED) behaal. Ek het my vonnis afgewag sonder ’n prokureur – ek het net Jesus gehad. Deur die genade van God is ek tot vier jaar proefdiens gevonnis en is reeds die volgende dag vrygelaat. Ek was ’n vry man.

Ná my vrylating het ek ’n jaar lange intensiewe program voltooi om my te help om my verslawings te oorkom. Ek het voortgegaan om my siel te voed met die kennis van Christus.

Vandag is ek ’n gelisensieerde predikant in Colorado by Teen Challenge, en ek is onlangs getroud. In slegs ’n paar jaar is my lewe verander van een van pyn en lyding na ’n lewe van vreugde en diens aan die Koning. Elke dag dank ek God vir Sy onophoudelike liefde – dat Hy my naam in daardie tronksel geroep en deur Sy Woord die waarheid aan my openbaar het.

**Pastoor John Krainer**
**VSA**




PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
China
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Yemen
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Somalia
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Tunisia
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Libya
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Morocco
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Turkmenistan
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Mauritania
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Comoros Islands
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Djibouti
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Maldives
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Uzbekistan
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Afghanistan
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Saudi Arabia
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Algeria
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Wallis & Futuna Islands
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STIL
CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Iraq
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
St. Helena
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Monaco
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Liechtenstein
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Iran
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS STILL CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONAL
Eritrea
PRAY WITH US FOR THIS COUNTRY THAT IS S
CLOSED TO THE GIDEONS INTERNATIONA
North Korea

Die Gideons Internasionaal
IN SUID AFRIKA
DIE EVANGELIE IS ONS MISSIE

**KONTAK**
Posbus 35689,
Menlo Park, 0102
**Tel**: (012) 460 7241/2
**Faks**: (086) 630 8149
**Epos**: friends@gideonssa.org

www.gideons.co.za